

Titel: Verstommende Genade
Pastor: Fred May
Datum: 14 Februarie 2010
Tyd: 09h30



Sag 3:1-7

¹ Die Here het my 'n gesig laat sien. Ek het die hoëpriester Jesua voor die engel van die Here sien staan, en regs van hom het die Satan gestaan, besig om Jesua aan te kla. ² Die Here het vir die Satan gesê: Ek sal jou straf, Satan, Ek wat Jerusalem my woonplek gemaak het, sal jou straf. Hierdie man is soos 'n stuk hout wat uit die vuur gered is. ³ Jesua het klere aangehad wat liederlik bevuil was. Hy het daar voor die engel gestaan, ⁴ en die engel het vir sy helpers gesê: "Trek uit dié liederlike vuil klere van hom." Vir Jesua het hy gesê: "Ek het jou jou oortredings vergewe en Ek gaan vir jou skoon klere aantrek." ⁵ Toe sê ek: "Hulle moet 'n skoon tulband op sy kop sit!" Hulle het die skoon tulband op sy kop gesit en hom aangetrek terwyl die engel van die Here daar by staan. ⁶ Daarna het die engel van die Here vir Jesua belowe: ⁷ "So sê die Here die Almagtige: As jy lewe soos Ek dit wil, as jy die voorskrifte vir my diens onderhou, sal jy die gesag hê oor my huis, die verantwoordelikheid dra vir my heiligdom. Jy sal toegang tot My hê, net soos hierdie engele.

a: oë van genade

Heb 11:32-34

³² En wat moet ek nog meer sê? Die tyd ontbreek my om te vertel van Gideon, Barak, Simson en Jefta, van Dawid, Samuel en die profete. ³³ Deur die geloof het hulle koninkryke verower, die reg van God gehandhaaf en verkry wat God beloop het; hulle het leeus se bekke toegestop, ³⁴ gloeiende vuur geblus en aan die swaard ontkom; hulle het in swakheid krag ontvang, was sterk in oorlog en het die leërs van vreemdes op die vlug gejaag.

Gideon:

- was bang dat sy eie beperkinge God sou beperk.
- het skouerkleed ("ephod") uit Midianietiese goud gemaak.
- het die bouse Abimeleg by 'n byvrou verwek.
- het versuim om die volk in geregtigheid, wat na sy dood sou voortduur, op te rig.

Barak:

- gekenmerk deur lafhartigheid en huiwering.
- het met die hulp van twee huisvroue oorwinning behaal.

Rigters 4:8-9

⁸ Barak het haar geantwoord: "As u saamgaan, sal ek optrek, maar as u nie saamgaan nie, gaan ek nie." ⁹ Sy het vir hom gesê: "Goed, ek sal saamgaan, maar jy sal nie die eer vir die veldtog kry nie: die Here sal vir Sisera aan 'n vrou uitlewer." Toe het Debora klaargemaak en saam met Barak na Kedes toe gegaan.

Jefta:

- sensitief vir verwerping
- slagoffer-mentaliteit
- 'n onbeskofte en kleinlike diktator
- bitter en onvergewensgesind

Rigters 11:1,29a

¹ Jefta was 'n seun van Gilead. Hy was 'n dapper soldaat. Sy ma was 'n prostituut, maar sy pa was Gilead. ²⁹ Toe het die Gees van die Here op Jefta gekom...

Simson:

- roekeloos, onverantwoordelik
- weerspanning, oneerbiedig
- trots, verwaand
- wellustig

Dawid:

- verraaiër
- owerspelig
- moordenaar
- mislukking as pa en leier

Han 13:22

²² Nadat God hom van sy amp onthef het, het Hy Dawid as koning oor hulle aangestel. Van hom het God gesê: 'Ek het in Dawid seun van Isai 'n man na my hart gevind.'

b: hart van genade

Rom 8:36

³⁶ Daar staan immers geskrywe: "Dit is oor U dat die dood ons dag vir dag bedreig, dat ons soos slagskape behandel word."

c: woorde van genade

Efes 4:29

²⁹ Laat daar geen vuil woord uit julle mond uitgaan nie, maar net 'n woord wat goed is vir die nodige stigting, sodat dit genade kan gee aan die wat dit hoor.

Sag 3:7

⁷ "So sê die Here die Almagtige: As jy lewe soos Ek dit wil, as jy die voorskrifte vir my diens onderhou, sal jy die gesag hê oor my huis, die verantwoordelikheid dra vir my heiligdom. Jy sal toegang tot My hê, net soos hierdie engele."